Sondag 4 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 103
Fokusgedeelte: Psalm 103:3, 12
God vergewe al jou sonde

’n Mens stel jou voor dat die gelowige Dawid baie lank nagedink het voordat hy ons fokusverse onder inspirasie van die Heilige Gees vir ons opgeteken het. Want dit gaan oor die wonder van skuldvergewing, oor iets wat nie gemeet of bereken kan word nie, oor God wat al jou sondes so ver van jou af wegneem dat dit vir altyd weg is, dat dit nooit weer opgespoor kan word nie en dat God nooit weer daaraan dink nie. En toe het hy geskryf: *“So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.”*

God vergewe al jou sondes, nie net sommiges nie. Jy hoef nie bekommerd te wees of te tob oor iets uit jou verlede wat swaar op jou gewete druk nie. As God sê dat Hy nooit meer aan jou sondes sal dink nie (Heb. 10:17), kan jy daarop reken dat jy volkome van jou skuld kwytgeskeld is.

Die afstand tussen die ooste en die weste is onmeetbaar. Dit is verder as wat ’n mens kan dink. En as God jou oortredinge so ver van jou af wegneem, beteken dit dat dit vir altyd weg en volkome uitgewis is, so volkome asof jy nooit enige sonde gehad het of gedoen het nie.

So groot is God se genade. Dit is onmeetbaar. Dit skep ’n onberekenbare afstand tussen jou en jou oortredinge. Dit vul die ganse oneindige afstand tussen oos en wes. So ver leef elkeen wat aan Jesus Christus behoort en aan sy bloed deel het, van sy sondes af.

*Sing: Psalm 103-1:2, 6*

*Ds. CJH (Casper) Breed (Emeritus)*